

Dukwana ná 9 jaar terug in VS-wetgewer



Mxolisi Dukwana Foto: ARGIEF

Marietje Gericke

Mxolisi Dukwana, voormalige Vrystaatse LUR, is Dinsdag weer as wetgewerlid ingehuldig, nege jaar nadat Ace Magashule, voormalige premier, hom as een van sy "kabinetsiede" in die pad gestek het. Oupa Khoabane, woordvoerder van die Vrystaatse provinsiale interimkomitee van die ANC, waarvan Dukwana die sameroper is, het gister aan Volksblad bevestig dat Dukwana nou 'n Vrystaatse wetgewerlid is. Hy is

Dinsdag om 17:00 ingehuldig. Dukwana kom in die plek van Mojalefa Buti, wat bedank het om by plaaslike regeringspolitiek betrokke te raak, sê Khoabane. Dukwana staan glo ook in die ry om 'n LUR te word, word verneem. Setjhaba Maphalla, Vrystaatse hoof van kommunikasie, het ook bevestig dat Dukwana nou lid van die wetgewer is. "Dukwana het nie sy telefoon beantwoord toe hy om kommentaar geel is nie. Zanele Sifuba, speaker van die



Wat sé jy? Stuur 'n WhatsApp na 066 390 6855

in die huldigings Dinsdag in die provinsiale wetgewerubou in Bloemfontein opgetree en Dukwana terugverwelkom. Sy het gesê die oud-LUR het 'n rykdom aan kennis wat nodig is om die regering se toesigrol te kan vervul. Dukwana is 'n voormalige tesourier van die ANC in die pro-

insie en was voorheen deel van Magashule se binnekering, maar is in 2012 deur dié uit sy uitvoerende raad geskop. In sy getuienis voor die Zondokommissie wat staatskaping ondersoek, het Dukwana in 2019 getuig dat Magashule hom in die pad gestek het omdat dié hom by skelm transaksies met die Gupta-familie wou betrek. Hy het beweer dat Rajesh Gupta hom R2 miljoen 'n maand aangebied het om die Guptas te help om 'n konstruksietender van miljard rande te bekom.

Hy het ook beweer dat Magashule erken het dat hy maandeliks betalings van die Guptas ontvang het om sy familie se sakebelange mee te versterk. Magashule het dit egter ontken en gesê dat Dukwana net bitter was omdat hy hom in die pad gestek het. Teen die tyd dat Dukwana ontslaan is, het dié gerugte sterk gelei dat hy Magashule as premier sou opvolg. Daar is ook nou gerugte dat hy moontlik vir Sisi Ntombela, huidige premier, gaan opvolg.

COLESBERG

5 onnies glo hulle is dalk vergiftig

Bolhuis ingeroep om voorval te ondersoek

Anena Burger

Vyf onderwysers van die Hoërskool Colesberg in die Noord-Kaap leef in vrees omdat hulle glo hulle is by die skool vergiftig. Hulle meen die polisie en die Noord-Kaapse onderwysdepartement doen ná maande nie om die saak te ondersoek nie. Die private spurder Mike Bolhuis is nou deur die Colesberg-gemeenskap genader om die voorval te ondersoek. Die polisie het gister by navraag gesê sy Colesberg-kantoor ondersoek nou wel die saak, terwyl die onderwysdepartement kommentaar beloof het. Die onderwysers sê hulle het op 15 April vanjaar een ná die ander skielik siek geword. Hulle glo hulle is met organosfaat vergiftig. Bolhuis het Mornay Vos, 'n senior spesialsonderseker, en nog lede aangewys om die voorval te ondersoek én vas te stel hoekom die onderwysdepartement en die polisie in Colesberg dit nie verder voer nie.

geword nadat hulle melk gebruik het uit 'n melkhouer wat vir die waarnemende hoof, Ems Pretorius, gemerk was. Luidens verklarings deur die onderwysers het Carina du Plessis omstreeks 10:00 in haar klas se pakkamer inmeekaergesak. 'n Personeelid het Pretorius ontbied. Sy het Du Plessis op die grond aangetref en besef sy was nie by haar positiewe nie. Sy het verskriklik gesweet en was naar. 'n Ambulans is ontbied om haar na die hospitaal te neem. Ná die voorval het die personeel tydens pousie in die personeelkamer koffie gedrink. Pretorius sê in haar verklaring sy het ook koffie gemaak en met die onderwysers gespot omdat haar melkhouer soveel ligter as vroeër gevoel het. Hulle het gelag en erken hulle gebruik soms van haar melk. Pretorius het kort daarna begin siek voel. Sy het by haar lessenaar op haar arms gaan lê en daarna op die mat. Erge maagkrampe, sweet en kouekoues het gevolg en sy het gesukkel om te praat.



Die Hoërskool Colesberg, waar die waarnemende hoof en nog vier onderwysers op 15 April skielik siek geword het.

Foto: FACEBOOK/DIE HOËRSKOOI COLESBERG



Ems Pretorius, waarnemende hoof van Hoërskool Colesberg.



Berton Smouse



Zeld van Molendorff



Maruka Zandberg

Nog drie onderwysers, Berton Smouse, Zeld van Molendorff en Maruka Zandberg, het ook skielik siek geraak met dieselfde simptome en ineengetoet. Hulle is ook na die hospitaal geneem waar die dokter hul toestand as voedselvergiftiging diagnoseer het. Ná hul ontslag het al vyf onderwysers besluit om toksikologietoetse by 'n private laboratorium in Bloemfontein te laat doen.

Die uitslag van die toetse, wat op 19 April gedoen is, toon daar was organosfaat in hul bloed. Organosfaat word in insekddoeders, medisyne en senuweemiddels gebruik. Vergiftiging kan binne minute tot simptome soos verhoogde speeksel- en traanproduksie, diarree, braking, verwarving, sweet en aangetaste spierbeweging lei. Du Plessis sê ondanks hul pogings om vyf vlakke van poging tot moord by die polisie in

Colesberg aan te meld, wou die polisie nie hul verklaringe neem nie. "Ons het ook nie saaknommers gekry nie en tot dusver is die saak nie ondersoek nie." Sy sê die onderwysdepartement probeer ook nie om die voorval te ondersoek nie. "Ons word getignoreer." Kapt. Sergio Kock, polisie-woordvoerder, het by navraag gesê die Colesberg-polisie-kantoor het nou 'n ondersoek na

die voorval begin. "Die polisie het verklaringe en ander getuienis van die klagers gekry en sal die ondersoek aan die staatsaanklaer vir 'n beslissing voorlê." Geoffrey van der Merwe, woordvoerder van die Noord-Kaapse onderwysdepartement, het gesê die departement sal later op navrae reageer. Enigiemand met inligting kan Bolhuis by 082 447 6116 of Vos by 066 212 5193 bel.

Polisie lid met skape op sy bakkie aangekeer

Alet van der Walt


'n Botsing teen 'n perd het gister daartoe gelei dat 'n konstaabel van Philippolis in die hof verskyn het op aanklagte van vee diefstal. Die 33-jarige man is in hegtenis geneem nadat sy Ford Ranger beskuldig is in die botsing en polisie die van Jagersfontein op tien skape op die bakkie afgekom het. Brig. Motansi Makhele, polisie-woordvoerder, sê die polisie wat op roetine-patrouille was, het Sondag omstreeks 22:00 'n dooie perd op die R706 naby Jagersfontein gesien lê. Hulle het ondersoek ingestel en die bakkie 'n ent verder sien staan. Die voertuig se ligte was afgeskakel.

Die polisie lid in die bakkie het bevestig dat hy die perd doodgery het, maar kon nie verduidelik waarom hy die skape op sy bakkie het nie. Die konstaabel is in hegtenis geneem. Die vee diefstalenheid probeer nou vasstel aan wie die tien skape behoort. Boere in die omgewing is gevra om vas te stel of van hulle skape weg is. Die polisie sal voorlopig aangekla word daarvan dat hy vermoedelik gesteelde vee in sy besit gehad het. Makhele sê 'n voorlopige ondersoek dui daarop dat nog nense in hegtenis geneem kan word. Boere wat vermoed dit kan hul skape wees, moet die polisie in Jagersfontein bel by 051 724 9016 of 082 455 6071. Die Valke het in Julie vanjaar vyf lede van die polisie se vee diefstalenheid in Ladybrand in hegtenis geneem op aanklagte van vee diefstal. Die vyf polisie lede in twee veepekulante is veroordeel op aanklagte van vee diefstal. Vrystaat Landbou (VL) het verlede week gesê vee diefstal in die provinsie beloop na raming meer as R1 miljard per jaar.



En van die tien vermoedelik gesteelde skape wat op die bakkie van 'n polisie lid gekry is. Foto: SAPD

Die weer in Volksblad



'Geen geldwassery' by Islandsite

Kaydene Davids

Die aantygings teen 'n Gupta-maatskappy wat vandeesweek as 'n beskuldigde gevoeg is by 'n bedroegsaak waarin die Vrystaatse landboudepartement glo uit byna R25 miljoen bedrieg is, is ongegrond, sê Ronica Ragavan, 'n direkteur van Islandsite Investments. Dié saak in die landdroshof in Bloemfontein hou verband met 'n volhoubaarheidsstudie wat vir die departement gedoen is en waarvoor sowat R24,9 miljoen aan die vermeende Gupta-meeloper Iqbal Sharma se maatskappy Nulane Investments 204 betaal is. Die studie was 'n voorloper vir die omstrede Estina-suiwelprojek by Vrede, voor die staat aan. Islandsite behoort aan Atul en Rajesh Gupta en hul vroue, Chetali en Arli. Die maatskappy is onder sakeregding. Lasbriewe om dié vier Guptas uit Dubai aan Suid-Afrika uit te lewer, is reeds vroeër aangeva.



Van links is Peter Thabethe, dr. Limakatso Moorosi, Seipati Dlamini en Iqbal Sharma tydens 'n vroeë hofverskyning

baat gevind het by die transaksie tussen Nulane en die landboudepartement nie. Dié verklaring is ingedien om 'n voorlopige bevriesingsbevel teen twee luukse huise in Islandsite se besit, teen te staan. Sy sê daar is geen bewyse vir die staat se bewering dat Islandsite gebruik is vir geldwassery nie. Daarbenewens ontken sy dat Atul enigste met Islandsite se transaksies te doen gehad het. Ragavan sê in 'n verklaring van 54 bladsye wat vroeër by die hooggeregshof in Bloemfontein ingedien is, daar is geen bewyse dat Islandsite enigsnis

van verskeie maatskappye in die Sahara/Oakbay-groep. Luidens haar verklaring is Islandsite as 'n sentrale reservoer gebruik waarin lenings deur verskeie maatskappye in die groep aangegaan en terugbetaal is. Islandsite se boeke was van tyd tot tyd op vir Atul en ander aandeelhouers om transaksies na te gaan, maar Atul was volgens haar nie verantwoordelik vir enige transaksies nie. Islandsite word saam met Sharma, 'n Johannesburgse sakeman en voormalige direkteur van Transnet, asook voormalige amptenare van die provinsiale regering, aangekla.

Die ander beskuldigde is Peter Thabethe, voormalige hoof van die departement van landbou in die Vrystaat, Limakatso Moorosi, ook 'n oudhoof van die departement en desdaem uitvoerende hoof van Bloemwater, Seipati Dlamini, voormalige finansieel hoof van die landboudepartement en nou adjunct-direkteur-generaal van samewerkende regering en tradisionele sake. Sharma se swaer, Dinesh Patel, asook Nulane. Hulle staan tereg op verskeie aanklagte van bedrog, geldwassery en oortredings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.



Wat sé jy? Stuur 'n WhatsApp na 066 390 6855